Lering: Deur Lyding na Volmaaktheid

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B285A Eng/Afr.

Skriflesing uit Heb.11: 1-18

Kernvers: 10 – 'Want dit het Hom betaam, terwille van wie alle dinge is, as Hy baie kinders na die heerlikheid wou bring, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak.'

Ons lewe in 'n tyd van ontvlugting en van kortpaaie; ons wil hê dat alles moet gou gaan. Op elke gebied van die lewe kom ons dit agter: daar is nie meer daardie rypheid nie, daardie diepte, daardie wonderlikheid wat 'n mens rus gee in jou siel nie.

Alles moet vinnig gaan en bo-langs en op die maklikste manier. Selfs wat pyn betref: ons lewe in 'n tyd van narkose en pynpille en inspuitings net sodat ons kan ontvlug van pyn en lyding. Dis asof ons netnie die naakte waarheid in die oë wil staar nie!

As ouers wil ons ons kinders ook beskerm van hartseer en swaarkry soms tot hul eie nadeel. Dit is asof 'n mens die hartseer wat jy as kind beleef het weer herleef deur jou kind en hulle dit wil spaar.

Maar geliefdes, kom ons wees eerlik: daar is geen kitsoplossings nie en daar is geen volmaaktheid sonder lyding nie – selfs die natuur is 'n bewys daarvan.

Kom ons vra die Here om ons te help om nie weg te hardloop van lyding nie, en daardie werk wat God in u en in my wil doen tot volle rypheid te laat kom. Laat ons onsself eerder onderwerp aan die liefdevolle hand van God wanneer dit swaar gaan met ons.

Onse Here Jesus wat die grootste lyding moes deurmaak, alhoewel Hy God is, en die Vader wat Sy gesig moes wegdraai van Hom toe Hy u en my sonde aan die kruis moes dra en moes uitroep: my God, my God waarom het u my verlaat?

Is dit nie die moeite werd om ons aan lyding oor te gee, as ons weet dat God dit toelaat met 'n wonderlike doel soos in ons teksvers: 10 – om die Bewerker van ons verlossing deur lyde te volmaak?

God het nie sommer net 'n kitsdoel met ons nie, of sommer net 'n bo-langse doel met ons lewens nie. Hy het 'n diep werk wat Hy in ons wil doen, want ons is gemaak vir die ewigheid.